



Parkieland  
H/V Anderson - en  
Thomas Edisonstraat  
Menlopark 0081  
Tel: 012 460 1976  
Faks: 012 460 1976  
parkieland@menlolaer.co.za  
www.parkieland.co.za

9 Februarie 2022  
Nuusbrief No 5

Liewe Ouer

Die Gr 00 maats het verlede week hulle besoek van Mighty Minds vreeslik baie geniet en baie geleer. Die Gr 000 maats (Hasies en Eendjies) se besoek geskied môre, Donderdag 10 Februarie. **Onthou om Parkieland hempies aan te trek.**

Ons herinner ook net dat ouers asseblief die **PROJEKCODE AS VERWYSING VIR BETALINGS MOET AANDUI**. Anders weet ons nie of dit vir Pretloop of vir die besoek is nie.

**Projekkode: P728** is vir die poppekas asseblief. Dit is op d6 gelaai indien u daarmee wil betaal. Onthou om u toestemmingsbriefie en bewys van betaling vir Juffrou te stuur.

**Skoolfooi:**

- Ons herinner u net dat skoolfooi asseblief voor die 7e van elke maand vereffen moet word.
- Baie dankie aan ouers wat in moeilike finansiële omstandighede skoolfonds bly betaal en dit nie agterweë laat nie.
- **Die bewyse van skoolfooi word gestuur aan: [finansies@menlolaer.co.za](mailto:finansies@menlolaer.co.za)**

**Kosblikkies:**

- Hier is 'n lys van kosblik-idees en ons vra die Mamas om asseblief ook die Pappas wat kosblikkies pak, te vra om **nie lekkers, koekies en gaskoeldrank in te pak nie asseblief**. Items soos vla, val onder die nagereg kategorie en kan ongelukkig nie ingepak word nie.

Ryg blokkies kaas en worsies op 'n tandestokkie  
Coctail worsies  
Stukkies gebraaide wors  
Oorskiet Spaghetti Bolognaise  
Druk broodjies met vorms uit  
Soutkoekies met doopsous  
Mini Quiche  
Muffins (nie sjokolade nie) *Géén* cupcakes  
Gevulde wraps  
Joghurt

Vrugte in seisoen  
Vrugteslaai  
Provita met kaassmeer  
Droëwors  
Rosyntjies  
Ham en Salami

Mini frikkadelle  
Oorskiet pizza  
Hot dogs  
Mini tamaties  
Pretzels  
Komkommer en wortelrepies  
Piesangbrood  
Klein gevulde pannekoekies  
Klein gevulde vetkoekies  
Droëvrugte - verkieslik sonder 'n suikerlagie  
Hard gekookte eiers  
Pastaslaai  
Gekerfde biltong  
Hoender Nuggets  
Croissants

- Kan ons ook asseblief op ons mammas se knoppies druk en vra dat ons die volgende twee weke let op TAFELMANIERE? As jou kind so morsig eet dat die tafel, hyself en die vloer vol kos gemors is, gaan ons moet intree. Dis ook nie nodig om so slordig te eet dat jou mond rondom besmeer is nie.
- **Ons leer in die klas: Vat klein happies, kou toemond, eet oor jou kosblikkie of bordjie, sit stil terwyl jy eet, voete hoort onder die tafel nie bo-op nie, moenie jou mond vol kos druk nie.**

#### **Hartjie-my-liefie-dag: Maandag 14 Februarie 2022:**

- Ons herinner net aan die insameling vir WOLLIES. Hulle is 'n organisasie wat diere wat verwaarloos, verlaat of mishandel word versorg, steriliseer en inneem. Hulle probeer dan ook vir elke diertjie hulle "vir-altyd-huis" kry.
- Elke Valentynsdag wys Parkieland dat ons omgee en samel benodigdhede vir WOLLIES in.
- WOLLIES besoek ons dan ook die oggend en bring gewoonlik 'n hondjie om vir die maatjies te kom kuier, en leer die kinders oor diereversorging.
- Alle kos- en ander bydraes kan aan die klasonderwyseresse gestuur word.

#### **Dogtertjies:**

- Ons vra tog vriendelik dat u sal verseker dat u dogtertjie 'n kortbroekie onder haar rokkie aantrek. Sodoende kan hulle gemaklik sit en speel.

#### **Pretloop:**

- Ons hoop dat almal wat boeties en sussies het wat aan die Pretloop gaan deelneem dit so aangedui het, want die medaljes is bestel.
- Onthou ook om u snoepiebestelling af te handel indien u van hulle diens wil gebruik maak.

#### **Veiligheid:**


- Ons wil net onder elkeen se aandag bring dat u asseblief aan u motordeur moet voel of hy gesluit het. U weet self dat die diewe "remote jamming" gebruik om maklike toegang tot u motor te kry en soos blits items uit u motor kan steel.
- Moet asseblief nie enige sigbare items in u motor los nie. Plaas skootrekenaars en -sakke agterin u motor wanneer u tuis is, moenie in openbare plekke dit agterin plaas nie.
- Ouers moet ook asseblief hul kinders aan die hand neem voor hulle die voetoorgang gebruik. Roekelose bestuurders kry 'n mens ongelukkig oral.

#### **Gedagte vir die week:**

"Wees die reënboog in iemand anders se donker wolk." -Maya Angelou

Genade en Vrede vir elkeen!

Vriendelike Parkielandgroete,



RIEKIE VAN EEDEN & PERSONEEL



NPC. 2013/088783/08

# PARKIELAND PRETLOOP!

24 Februarie 2022

Hardloop om die atletiekbaan  
so vinnig as jy kan!

Kry jou waterysies by Juffrou  
wat skreeu: "Hou bene hou!"

Neem vir Mamma en Pappa aan  
die hand, en laat hul saam  
hardloop tot hul spiere brand!

Vir elke rondte om die baan  
kry jy 'n plakker wanneer jy by  
Juffrou kom staan!

Later hou ons piekniek op die  
veld, want elke maatjie was 'n  
held!

Met 'n mooi medalje om die  
nek, stap jy later uit by die  
hek!

Pretloop is soveel  
pret vir almal!

